# Behoort ek my testament met my erfgename te bespreek?

Baie mense beskou ŉ testament as ŉ private aangeleentheid wat hulle nie met hulle familie en erfgename wil bespreek nie.

ŉ Ander benadering is om inderdaad oop kaarte te speel en die erfgename en familie voor te berei op hoe ŉ boedel verdeel gaan word. Ongelukkig ontstaan daar dikwels dispute tussen erfgename na ŉ geliefde afsterf. Die feit dat almal gewoonlik baie emosioneel is vererger uiteraard die situasie. ŉ Teleurgestelde of geskokte erfgenaam, wat verwag het om te erf of meer te erf, dra ook verder by tot die spanning.

Deur die familie en erfgename dus voor te berei op wat gaan gebeur deur inderdaad die testament te bespreek of afskrifte daarvan vir erfgename te gee kan hierdie probleem ten minste voorkom word.

Nog ŉ belangrike besluit is wie jy as eksekuteur van jou testament benoem. Alhoewel daar kostevoordele daaraan verbonde kan wees om ŉ familielid soos ŉ gade, ŉ kind of ŉ ouer aan te stel, het dit ook sy voordele om ŉ onafhanklike eksekuteur soos byvoorbeeld ŉ prokureur te benoem. Dit moet verkieslik ŉ prokureur wees wat in boedels spesialiseer.

So ŉ prokureur kan dan ook ŉ belangrike rol speel om potensiële spanning tussen die erfgename te ontlont. In my ondervinding is veral die eerste vergadering met die erfgename baie belangrik, veral waar die oorledene inderdaad nie die testament met hulle bespreek het nie.

Die benoeming van ŉ onafhanklike eksekuteur sal ook die agterdog uit die weg ruim, wat daar dikwels teenoor die eksekuteur ontstaan waar een van die erfgename as eksekuteur benoem is. Tydens die eerste vergadering en ook by verdere samesprekinge, indien nodig, kan ŉ ervare eksekuteur ŉ groot verskil maak om te sorg dat die boedel sonder onnodige emosies tot almal se voordeel so gou as moontlik afgehandel word.

Volker Krüger